

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**
**Sondag 4 November 2012**


| Oggenddiens 09:30 | | | Aanddiens 18:00 | |
|---|---|---|---|---|
| | **Lied** | **Bladsy** | **Lied** | **Bladsy** |
| 1. | Psalm 149:1 | **715** | Psalm 34:1 & 2 | **166** |
| 2. | Psalm 25:2 & 4 | **115** | Psalm 19:6 | **83** |
| 3. | Skrifberyming 3-4:1, 2. 5 | | Skrifberyming 2-2:1 & 2 | |
| 4. | Psalm 33:1 & 11 | **156** | | |

- Sodra alle spanne rondte 1 voltooi het sal daar ‘n “Pap en Tik” ete wees. ‘n Kontant kroeg sal beskikbaar wees vir die dorstige spelers wat dalk bietjie verder en langer moes loop agter die balle aan.
- **Rondte 2** begin rondom 18h30 die middag en sal omtrent so teen 20h30 voltooi wees.
- Die deel van die rondte sal in die donker plaasvind. Spanne sal slegs twee balle ontvang wat “glowsticks” sal inhê om in die donker te kan

U kan in verbinding tree met die volgendepersoneindien u skenkings of hulpbewillig: Cobus Booysen 0824461211 Kotie Oosthuizen 0828085062 Mariana Aucamp 0829527010
By voorbaat dank aan almal. Diakonie

## DIAKONALE BYDRAE

Soos ons almal weet is die ekonomie op ‘n laagtepunt. Dit genoodsaak die diakonie om ‘n oproep te doen aan die gemeente vir addisionele bydraes ten opsigte van diens van barmhartigheid. Tans is ons beraamde inkomste per maand R5 200 en die beraamde uitgawes ten opsigte van diens van barmhartigheid binne ons gemeente in die omgewing van R10 300 wat beteken ons sit met ‘n tekort van R5 100 per maand. Ons is bevoorreg om geld te hê in ons geldmarkfonds, maar word genoodsaak om ons tekorte vir die volgende 3 maande daaruit aan te vul.



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”
[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**
[Webadres – http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/]

Jaargang 7 Sondag 4 November 2012 Nommer 31

## SONDIGE LIEFDE VIR DIE WÊRELD

Een van die Satan se suksesvolle metodes om die mens van God afvallig te maak, is die metode van verwêreldliking. Dit is wanneer die Satan die gelowige verlei om die wêreld liewer te hê as vir God. Met hartseer skryf Paulus oor *Demas*, sy medewerker, dat hy sy dienswerk vir God laat staan het, omdat hy *“die teenswoordige wêreld liefgekry (het)”* (2 Tim.4:10). Demas was nie meer hart en siel in die saak van God nie. Daarom het die dinge van die wêreld vir hom belangriker geword as die dinge van God se koninkryk. In Romeine 12:2 vermaan God: *“Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie”*. Die brief van Jakobus is in sy geheel geskryf om die gelowiges te waarsku teen die gevaar van verwêreldliking. Jakobus skryf *“dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is. Wie ’n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy ’n vyand van God is”* (Jak.4:4).

- Dit beteken nie jy moet uit die wêreld wegvlug nie. God het die ganse skepping vir die mens gegee om te geniet en te gebruik.
- Om te lag, te skerts, vol jolyt en plesier te wees verbied God nie. Jy mag deelneem aan die tegniek, kuns, kultuur, politiek, sport ens. ens.
- Die wêreld wat jy nie moet liefhê nie, is dié wêreld van die sondemag wat in opstand is teen God. Dit is die wêreld wat wil wegbreek van God en sy vreugde en lewensdoel gaan soek in die donker dinge wat deur God se wet verbied word. Hiérvan moet jy wegvlug.
- As die wêreldse dinge vir jou belangriker word as jou verhouding met God en die nakoming van sy wet, dán het jy die wêreld liewer as die Here en roep Hy jou tot bekering.

*Dr Nico van der Merwe*

## PREKE VANDAG



*Ds. Andre de Jager*

**Oggenddiens Tema: WEES STERK IN DIE GELOOF TER WILLE VAN MEKAAR**

Lees: Romeine 15:1-13
Teks: Romeine 15:1-2

Om sterk in die geloof te wees, het ‘n doel, en dit is om eensgesindheid in die gemeente te bewerk. En dit is belangrik om in te sien dat eensgesindheid nie beteken dat almal dieselfde moet wees nie. Dit beteken nie eendersheid nie.
Ons het nie nodig om die verskille tussen mekaar te ontken of te maak of dit nie daar is nie. maar een gesindheid, ‘n gesindheid waar ons die Here wil gehoorsaam en tot Sy eer wil werk, dit moet beslis in die gemeente wees.

**Aanddiens Tema: HOU VAS AAN JESUS CHRISTUS, NIE DIE WÊRELD NIE**

Lees: Openbaring 2:12-17
Teks: Openbaring 13-16

Die Here hoe moeilik dit somtyds vir ons hier is om aan Hom getrou te bly. Hy sien die aanvalle op ons geloof, maar ook die fyn verleiding van die duiwel. Hy sien die opofferings wat ons dikwels moet maak ter wille van ons geloof.
Maar Jesus kyk ook dieper en verder. Hy sien ook die sonde raak.



Sodra alle spanne rondte 1 voltooi het sal daar ‘n “Pap en Tik” ete wees. ‘n Kontant kroeg sal beskikbaar wees vir die dorstige spelers wat dalk bietjie verder en langer moes loop agter die balle aan.

- **Reëls vir rondte 2:**
  - Spanne word toegelaat om slegs 2 golfstokke (enige 2 van eie keuse) tussen die spanlede te hê om die rondte te voltooi.
  - Die span slaan met 2 balle af en dan word die 2 balle verder gespeel na die putjie toe.
  - Geen speler mag twee keer na mekaar ‘n bal slaan nadat die eerste 2 balle geslaan is nie, roteer onder mekaar die houe wat volg na die afslaan van die eerste 2 balle totdat beide die balle gesink is.
  - Telling van die span bestaan uit die totale kere wat albei die balle geslaan is totdat albei balle gesink is.
  - Die **“Twist”** van **rondte 2** – die **hindernisse**op die baan is nie noodwendig dit wat jy normaalweg op ‘n golfbaan kry nie! **Wees gewaarsku!!**

Uitdagings vir die dag sal waardeer word. Die jonger klomp in die gemeente kan die ouer gardes uitdaag en anders om. Die 55 plussers is beslis die mees aktiewe groep tans in die gemeente en moet beslis touwys gemaak word deur die 70 plussers. (Daar is ongelukkig geen pensionaris kortings nie).
Inskrywings gelde beloop R 200-00 per speler en toeskouers R100-00 per persoon, die gelde sal ondermeer kostes van die dag dek en die ete insluit.
Om die projek suksesvol te kan maak, is dit nodig om eerstens ‘n idee te vorm van hoeveel spanne betrokke sal wees. Ons vra belangstellendes om name op die lyste wat by die deure beskikbaar gestel word in te vul asook enige vriende en familie in die dorp wat saam met u sal deelneem.
Tweedens vra ons enige skenkings vanuit die gemeente wat die volgende kan aanneem:

- Kontant wat aangewend sal word vir die bespreking van die golfbaan, die “glowstick” balletjies en die huur van die baan se lanterns en flitse asook om aankope te doen vir die “Pap en Tik” ete.
- Geskenke wat as pryse kan dien vir die wen/verloor (Daai “Twist”) spanne asook gelukkige trekkings gedurende die twee rondtes wat sal bepaal word op die verskillende putjies tydens die verskillende rondtes.

- Enige hulp vanuit die gemeente in die vorm van bydraes asook hulp verlening met reëlings en hulp op die betrokke dag sal verwelkom word.



## FONDS INSAMELINGS PROJEK.

Soos aan die gemeente meegedeel is, is die Diakonie se finansies redelik knap en het ons aan die gemeente 'n versoek gerig om waar moontlik, hulp in die vorm van ekstra "Diens van barmhartigheid" bydraes te lewer. Baie dankie aan diegene wat aan ons oproep gehoor gegee het, wees verseker dat die fondse binne die gemeente aan gewend word vir ons hulp behoewende gesinne.
Die Diakonie beplan'n projek om ons fondse aan te vul, genaamd **Golfdag met 'n "Twist"** op die **30 November 2012 by die Vaal Reefs Mashie Golf baan**. Ons hoop en vertrou dat die middag oud en jonk van die gemeente sal betrek en nooi ook vriende en familie wat graag sal wil deelneem.
**Golfdag met 'n "Twist"** gaan die volgende formaat aanneem. Die Vaal Reefs Mashie golfbaan bestaan uit 9 putjies wat heelwat korter is as 'n gewone golfbaan, wat dit dus makliker maak vir oud en jonk om die baan te speel (Altans ons hoop so!!).

- Spanne bestaan uit 4 spelers, geen voorkeur aan ouderdom of geslag in die span nie.
- **Rondte 1** begin rondom 15h00 die middag en sal omtrent so teen 17h00 voltooi wees.
- **Reëls vir rondte 1:**
  - ◊ Spanne word toegelaat om slegs 4 golfstokke (enige 4 van eie keuse) tussen die spanlede te hê om die rondte te voltooi.
  - ◊ Die span slaan met 4 balle af en dan word die 2 balle wat die slegste geslaan is of lê verder gespeel na die putjie toe. Die proses van die **slegste hou** of lê word herhaal todat die twee balle gesink is in die putjie.
  - ◊ Geen speler mag twee keer na mekaar 'n bal slaan nadat die eerste 4 balle geslaan is nie, roteer onder mekaar die houe wat volg na die afslaan van die 4 balle.
  - ◊ Telling van die span bestaan uit 4 balle wat eerste geslaan is + volgende twee + volgende twee totdat die laaste bal gesink is.

◊ Die **"Twist"** van **rondte 1** – dit is nie noodwendig die span met die **"minste punte"** wat **eerste** gaan eindig nie!!



## LIEF EN LEED



- ✠ ***<u>Anna-Marie Louw</u>*** is verlede week in Pretoria geopereer. Ons bid haar 'n vinnige herstel toe. **(Wyk 13 ☏ – 018-431-1637).**
- ✠ Baie geluk aan ***<u>Anton en Santie van der Westhuizen</u>*** wat 30 Oktober 2012 'n kleindogter ryker geword het. **(Wyk 24 ☏ – 018-468-3553).**

**Roeping as ouderling of diaken**
Almal van ons leef al hoe meer onder druk. By die huis en by die werk word eise aan ons gestel en alles verg tyd. Dit is daarom baie maklik om, indien ek beroep word as ouderling of diaken, doodgewoon die eise op my tyd wat ek alreeds het te weeg teenoor die bykomende verantwoordelikheid van huisbesoeke en vergaderings en dan nie die beroep op te volg nie. Die kerkraad wil egter 'n beroep op u doen om, indien u verkies word as ouderling of diaken, nie in die eerste plek te kyk na tyd nie, maar na die roeping van die Here. In gehoorsaamheid aan die Here werk ons dan saam sodat 'n paar nie alles hoof te doen nie. Kom ons help mekaar om die Here te dien in Sy koninkryk.

## KOEKSISTERSBAK

**Dinsdag, 13 November 2012**
Die susters beplan om elke tweede maand koeksisters te bak om die susterskas aan te vul.
Ons vra **asseblief** donasies: **Bestanddele** soos Olie/suiker of Kontantbydraes gemerk: **Koeksister donasie**.
**Baie dankie** vir die bydrae wat ons so gereeld ontvang.
Bestelling met betaling vanaf 5-12 November 2012 by Kotie/Bets.

| KOLLEKTES | | |
|---|---|---|
| Datum | By die diakens | Sakkies by die deure |
| 04 November | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 11 November | Barmhartigheid | Sustentasie Khuma |
| 18 November | Barmhartigheid | Emeritaatsversorging |

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 28 November tot Saterdag 3 November 2012

| | | |
|---|---|---|
| Sondag 4 November | Oggenddiens | 09:30-10:30 |
| Sondag 4 November | Jeugdiens | 18:00-19:00 |
| Maandag 5 November | Ondervraging Belydeniskatkisante | |
| Woensdag 7 November | Afsluiting Susters | 18:30 |
| Donderdag 8 November | Inbetaling Kerklike Bydraes | 17:30 |

## VERJAARDAE

4 November 2012 tot 10 November 2012


| | | | |
|---|---|---|---|
| 04 Nov. | Ria Kruger | *Wyk 04* | 018-468-3976 |
| 04 Nov. | Corrie Botha | *Wyk 24* | 018-484-4774 |
| 05 Nov. | Mike Kruger | *Wyk 11* | 018-468-6672 |
| 05 Nov. | Isebel Jansen v. Ryssen | *Wyk 12* | |
| 05 Nov. | Hannes Theunissen | *Wyk 13* | 018-431-1842 |
| 05 Nov. | Johan Jacobs | *Wyk 17* | 018-468-6309 |
| 08 Nov. | Surina Grobler | *Wyk 06* | 082-302-0196 |
| 08 Nov. | Anelle Roos | *Wyk 18* | 084-205-4525 |
| 08 Nov. | Melanie Joubert | *Wyk 18* | 018-468-4297 |
| 09 Nov. | Abrie Lotter | *Wyk 12* | 018-468-1233 |
| 09 Nov. | Nico du Plessis | *Wyk 27* | |
| 10 Nov. | Danie Pretorius | *Wyk 09* | 018-468-6877 |
| 10 Nov. | Isabel de Jager | *Wyk 08* | 018-468-6877 |

Elkeen wat hierdie week verjaar word van harte gelukgewens. Mag jou nuwe lewensjaar deur God geseën word.

R20 vir 500g

**4 SIMBAA L 4 Novemb er 2012**









**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

### BEROEPE ONTVANG

- Ds JG Noëth van Kimberley na Vryburg.

### BEROEPE AANVAAR

- Ds OJ Struwig van Delmas na Frankfort.

### BEROEPE BEDANK

- Ds PJ Grové van Wapadrant na Sanveld.

**BYBELVERSPREIDING**

Vanjaar is die mikpunt ten opsigte van Bybelverspreiding aan die gemeente gestel om 1 Bybel per belydende lidmaat te borg. Die getal vir die gemeente is 316 Bybels. Met seën van die Here was die gemeente in staat om 382 Bybels te borg. Verder het die muntlegging van verlede Sondag die mooi bedrag van R2790 opgelewer. Die borggeld en die muntlegging het dus gesamentlik R22 654 opgelewer. Dank aan elke lidmaat vir bydraes en meelewing met hierdie projek.

**KERSPROGRAM - 2012**

Die **koor** wat tydens die Kersprogram van 2012 optree oefen vanoggend na die erediens in die Gemeentesentrum van Klerksdorp, h/v Smitstraat en Flamwoodrylaan.

## PRO ECCLESIA STUDIELENINGSFONDS

Hierdie beursfonds is tydens Sinode 200 deur die Deputate Christelike Onderwys gestig om voorgraadse studente te help om veral aan die Potchefstroom-kampus van die NWU te studeer. Studente van Aros en ander opvoedkundige-geakkrediteerde instansies kom ook vir die toekennings uit die fonds in aanmerking.

Enkele lenings van R10 000 elk sal gedurende 2013 aan voorgraadse studente toegeken kan word. Enige studierigting, maar veral onderwys, sal oorweeg word.